

GODSDIENSBELEID

Die verkose Beheerliggaam het die verantwoordelikheid om die godsdiensbeleid op te stel binne die raamwerk van Nasionale Onderwyswetgewing en dit van tyd tot tyd te hersien.

Die Christelike grondslag van die skool impliseer dat slegs die Christelike geloof hier gehandhaaf word, maar dan wel op 'n wyse dat daar nie teen leerders wat nie die Christelike geloof bely, gediskrimineer word nie.

Ofskoon Laerskool Impala dus 'n uitgesproke Christelike grondslag het, kan leerders van ander godsdienstige oortuigings wel binne die raamwerk van die normale toelatingsbeleid tot die skool toegelaat word.

Van die leerders word verwag om in die klas en daarbuite die Christelike karakter van die skool te eerbiedig en hulle te weerhou van enige optrede wat strydig is met Christelike norme en waardes.

Van Onderwysers word verwag om deurgaans in hulle onderrig in die klas en in hul lewens en voorbeeld 'n positiewe Christelike getuigenis uit te leef en op hierdie wyse die Christelike karakter van die skool uit te bou.

1. Die Beheerliggaam van Laerskool IMPALA, in navolging van die spesifieke godsdiensbehoefte van die gemeenskap wat hy dien, ondersteun onomwonde Christelike onderwys en onderneem dat die Woord van God as riglig sal dien om Christelike waardes by die leerders in te skerp.

By Impala Glo ons in God die ewige, drie-enige, almagtige skepper, onderhouer en regeerder van die hele skepping.

By Impala Glo ons in God die Vader, die Outeur van die skepping en verlossing.

By Impala Glo ons in Jesus Christus die enigste Seun van God die Vader, waarlik God wat ter wille van die mensdom en sy verlossing uit die hemel neergedaal en vlees geword het; wie deur die Heilige Gees verwek is en uit die maagd Maria gebore is, wie gewoon het op aarde en gekruisig was, gesterf het en begrawe was, wie uit die dood opgestaan en opgevaar na die hemel waar Hy sit aan die regterhand van die Vader.

By Impala Glo ons in die Heilige Gees, waarlik God wie voortgaan vanuit die Vader en die Seun, wat die wêreld oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel en lei in alle waarheid.

By Impala Glo ons dat die Bybel is die woord van God is.

By Impala Glo ons dat alle mense in die beeld van God geskep is, as gevolg van hulle sondige opstand is hierdie beeld geskend, sodat alle mense voor God gesondig het en dit is die wil van God dat alle mense saligheid sal ontvang deur geloof in Jesus Christus.

Ons glo dat 'n Christen 'n dissipel van Jesus Christus is wat 'n toegewyde en heilige lewe moet handhaaf.

By Impala Glo ons dat Jesus Christus die Hoof van die Kerk is wat deur die Heilige Gees gelei word en bestaan uit alle wedergebore gelowiges.

By Impala Glo ons dat die doop en die Nagmaal ingestel is deur Jesus Christus en deur die Kerk onderhou moet word.

By Impala Glo ons dat op die tyd wat deur God uitgekies is, Jesus Christus sy Kerk sal kom wegneem.

By Impala Glo ons in 'n dag van oordeel wanneer Jesus Christus die lewende en die dode sal oordeel. Ons glo in die opstanding van die liggaam en die ewige lewe vir die regverdige en ewige straf vir die goddelose. Ons glo in die nuwe hemel en die nuwe aarde waar God in heerlijkheid sal regeer.

2. Terselfdertyd erken die Beheerliggaam van Laerskool IMPALA die diversiteit van alle gelowe in Suid-Afrika en elke persoon se reg op vryheid en gelykheid van geloof en gewete.
3. Die Beheerliggaam onderneem om toe te sien dat:
 1. geen spesifieke geloof deur enige opvoeder kleiner sal word nie;
 2. daar nie teen enige persoon op grond van sy geloof gediskrimineer sal word nie;
 3. dat daar voldoende geleentheid by die skool gebied sal word om hierdie beleid prakties uit te voer;
 4. dat die aanbieding van leerstof in die kurrikulum, wat handel oor nie-Christelike gelowe en evolusie, met groot omsigtigheid en uit 'n Christelike perspektief aangebied sal word.
4. Christelike aktiwiteite aangebied deur die skool:
 1. Elke werksdag word met skriflesing en gebed in die personeelkamer begin.
 2. Gedurende die voogperiode aan die begin van elke skooldag open die voogonderwyser/es of leerlinge met skriflesing en gebed.
 3. Elke skooldag word in die klasse met gebed afgesluit aan die einde van die laaste periode.
 4. Daar is elke Maandag 'n saalopening/gewyde sang periode waar 'n predikant/pastor/onderwyser met skriflesing, 'n boodskap en gebed open en gewyde liedere gesing word.
 5. Alle denominasies van die Afrikaanse Christelike kerke wat paragraaf 1 hierbo ondersteun kry blootstelling d.m.w. 'n predikant/pastoor.
 6. ACSV word een keer per maand aangebied per fase.
 7. Alle sportgeleenthede (bv. Valkietoernooie / Atletiekbyeenkomste) word met skriflesing en gebed geopen
 8. Alle vergaderings/seminare wat deur die skool aangebied word, word met skriflesing en gebed geopen.
 9. Sosiale geleenthede word met 'n tafel gebed begin.

(goedgekeur BL vergadering 12 Februarie 2013)